Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans HT**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**6**	**Week**	**1**
Aanbeveling	➢ Voer informele, gestandaardiseerde basislynassessering en -oriëntering gedurende die eerste 3 dae van die kwartaal in Week 1 (Dag 1 tot 3) uit. ➢ Die data kan dan gebruik word om leergapings te identifiseer. ➢ Hierdie inligting kan dan gebruik word om daaropvolgende onderrig- en leeraktiwiteite in te lig.		
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	***Inligtingsteks*** ***Luister & Praat:*** *Luister na en bespreek 'n inligtingsteks soos 'n koerantberig* ***Lees & kyk:*** *Lees 'n inligtingsteks deur van die verskillende leestrategieë gebruik te maak en 'n opsomming van die gelese teks te maak.* ***Skryf en Aanbied*** *– Skryf 'n paragraaf. Begin met 'n onderwerpsin.* ***Taalstrukture en Konvensies*** *– Spelling*		
Inleiding	***TEMA: Lees vir Inligting*** • *Leerders het reeds in die vorige grade van inligtingstekste geleer.* • *Die doel van hierdie les is om inligtingstekste soos 'n koerantberig in diepte te verken.*		
Konsolidasie	• *Leerders gaan die kenmerke van 'n koerantberig leer en om hoofgedagtes te identifiseer.* • *Leerders gaan leer om 'n koerantberig op te som.* • *Daar sal geleer word om 'n paragraaf te skryf deur met 'n onderwerpsinte begin.* • *Lees daagliks* • *Ons volgende les sal handel oor die skryf van 'n koerantberig.*		
Papiergebaseerde bronne: DBO-werkboek Werkkaart met vrae/aktiwiteite Koerante Woordeboek		**Digitale bronne:** https://wcedeportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedeportal.co.za/partners/#103031 https://www.education.gov.za>Curriculum>2020WorkbooksTerm1and2 **Kenmerke van 'n koerantberig:** https://www.youtube.com/watch?v=MJ_SLxAzVv0	
AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**VAARDIGHEDE** **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)**
	Luister en Praat **Luister na 'n inligtingsteks** Gebruik die kernmetodologie van **Ek doen, Ons doen, Jy doen** en beantwoord die vraag van die dag.	**Hardoplees / Gedeelde lees** Pre-lees: 1. Aktiveer reeds bestaande/voorkennis. Vra vrae binne leerders se ervaringsveld om as aanknopingspunt vir die teks te dien. (Pre-lees aktiwiteit op die aangehegte werkblad.	Werkblad – Aktiwiteit 1 Koerante DBO Werkboek Gr. 6 Afr. HT Kwartaal 1, bl. 2 en 3 en bl. 4 en 5

		Gedurende lees: 1. Verduidelik aan die leerders waarna hulle moet oplet wanneer hulle na die teks luister. (Aktiewe lees aktiwiteit 1 op werkblad) 2.Modelleer lees aan die leerders deur die koerantberigte op bl. 2 en 3 in die DBO werkboek hardop aan die leerders voor te lees. Post-lees: 1. Leerders moet die aktiwiteit op bl. 4 en 5 in die DBO werkboek voltooi.	https://www.education.gov.za>Curriculum>2020WorkbooksTerm1and2
	Lees en Kyk **Lees inligtingsteks**	**Gedeelde lees** Onderrig die kenmerke van koerantberigte aan die leerders aan die hand van die vorige dag se teks. Pre-Lees: 1. Leerders maak gebruik van vluglees om onbekende/moeilike woorde in die teks te identifiseer. 2. Gesels oor/verduidelik moeilike woordeskat in konteks. Leerders voorspel, aan die hand van die opskrif en prente, waaroor hulle dink die koerantberig gaan. Gedurende lees: 1. Lees saam met die leerders die teks op bl. 10 in die DBO werkboek. 2. Leerders maak notas terwyl daar gelees word. Onderrig die maak van 'n opsomming aan die leerders. Post-Lees: 1. Leerders reflekteer oor die gelese teks deur die post-lees vragies op bl. 11 in die DBO werkboek te voltooi.	https://www.youtube.com/watch?v=MJ_SLxAzVv0 Werkblad – Aktiwiteit 2 DBO Werkboek Gr. 6 Afr. HT Kwartaal 1, bl. 10 en 11 https://www.education.gov.za>Curriculum>2020WorkbooksTerm1and2
	Skryf en Aanbied:	**Gedeelde skryf** 1. Onderrig die skryf van 'n paragraaf aan die leerders. 2. Lees saam met die leerders elke paragraaf van die teks: "Jong swemmer	Werkblad – Aktiwiteit 3 DBO Werkboek Gr. 6 Afr. HT Kwartaal 1, bl. 13

		tree as lewensredder op" en laat hulle die hoofgedagte van elke paragraaf identifiseer. 3. Leerders moet die aktiwiteit op bl. 13 in die DBO werkboek voltooi.	https://www.education.gov.za>Curriculum>2020WorkbooksTerm1and2
	Taalstrukture en Konvensies o Direkte en Indirekte rede **(Bied daagliks en geintegreerd aan.)**	Onderrig die konsepte van klank- en lettergrepe sowel as lank, kort en tweeklanke aan die leerders.	Werkblad – Aktiwiteit 4 DBO Werkboek Gr. 6 Afr. HT Kwartaal 1, bl. 8 en 9. https://www.education.gov.za>Curriculum>2020WorkbooksTerm1and2 Voorsien ekstra aktiwiteite vir vaslegging.
AKTIWITEITE VIR DIE OUER	**Dag 1:** U kind moet die verskillende dinge wat by die pre-lees gedeelte van aktiwiteit 1 op die werkblad soek. Lees saam met u kind die koerantberigte op bl. 2 en 3 in die werkboek. U kind moet die aktiwiteit op bl. 4 en 5 in die werkboek voltooi. **Dag 2:** <u>Pre-lees</u> 1. Laat u kind na die video's oor die kenmerke van koerantberigte kyk indien dit moontlik is. 2. Laat u kind enige onbekende/moeilike woorde in die teks identifiseer. <u>Gedurende lees</u> Laat u kind die teks op bl. 10 in die DBO werkboek lees en notas maak van dit wat op die opsommingshand is. <u>Post-lees</u> U kind moet reflekteer oor die gelese teks deur	U kind kan die verskillende dele uitknip en in sy/haar tuiswerkboek plak en die name daarvan daarby neerskryf. Gesels oor/Verduidelik moeilike woordeskat in konteks	Werkblad – Aktiwiteit 1 – 4 DBO Werkboek Gr. 6 Afr. HT Kwartaal 1, bl. 2 – 5 , 8 en 9 en 10 – 13. https://www.education.gov.za>Curriculum>2020WorkbooksTerm1and2 https://www.youtube.com/watch?v=MJ_SLxAzVv0

	die vrae op bl. 11 in die DBO werkboek te voltooi. **Dag 3:** U kind moet elke paragraaf van die teks: "Jong swemmer tree as lewensredder op" lees en die hoofgedagte van elke paragraaf identifiseer. 3. Leerders moet die aktiwiteit op bl. 13 in die DBO werkboek voltooi. **Dag 4:** Laat u kind na die verduidelikings van die taalkonsepte by aktiwiteit 4 op die werkblad kyk en dan die takies wat daarna volg voltooi.	Ondersteun u kind deur saam met hom/haar te lees en praat oor die hoofgedagte van elke paragraaf. Ondersteun u kind deur saam met hom/haar die verduidelikings van die taalkonsepte te lees. Verduidelik waar nodig.	
 AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	Voltooi al die aktiwiteite op die werkblad en in die DBO werkboek.		

AKTIWITEIT 1: Luister en Praat

Pre-luister

Soek die volgende in 'n koerant en lees dit hardop aan die klas voor.

- 'n hoofopskrif op bl. 2.
- 'n foto op die voorblad.
- die naam van die koerant.
- die datum van die publikasie.
- die naam van 'n joernalis op bl. 3
- 'n inleiedende paragraaf op bl. 1

Gedurende luister

Lees die koerantberigte op bl. 2 – 3 in die werkboek.

Post-luister

Voltooi die aktiwiteit op bl. 4 – 5 in die werkboek.

AKTIWITEIT 2: Lees en Kyk

Pre-lees: Vluglees die teks op bl. 10 in die DBO werkboek en onderstreep al die moeilike woorde in die teks. Jy gaan hierdie woorde later in jou persoonlike woordeboekie neerskryf.

Vluglees die teks		• Beweeg jou vinger in 'n **S-vorm** regoor die teks, maar moet dit nie lees nie.
Skryf die "moeilike" woorde neer.		• Onderstreep alle woorde wat jy nie verstaan of se betekenis jy nie ken nie.

Aktiewe lees: Lees die teks aandagtig deur. Fokus op die vrae op die opsomhand om notas te maak terwyl jy lees.



Post-lees

Voltooi die vrae op bl. 11 in die DBO werkboek.

AKTIWITEIT 3: Skryf en Aanbied

Voltooi die aktiwiteit op bl. 13 in die DBO werkboek.



AKTIWITEIT 4: Taalstrukture en -konvensies



A BREEK DIE WOORDE HIERONDER EERS IN KLANKGREPE EN DAARNA IN LETTERGREPE

WOORD	KLANKGREPE	LETTERGREPE
swemmer		
lewensredder		
vinnig		
dapperheid		
nooddienste		

SPELLING

SPELLING in Afrikaans is baie maklik as jy die volgende reëls ken:

1. Die **lang klanke** in **toe lettergrepe** word met **dubbel vokale** geskryf,
   bv. bynaam voornaam peetma gedoop
2. Die **lang klanke** in **oop lettergrepe** word met **een vokaal** geskryf,
   bv. gebore oorlede name drome
3. 'n **Konsonant verdubbel** wanneer dit volg op 'n **kort vokaal** wat die **hoofklem** dra,
   bv. mamma pappa
4. 'n **Samestelling** van **een of meer selfstandige naamwoorde** ***(nouns)***, is altyd een woord, bv. houtstoel blompot strandsambreel

B Voltooi die spelaktiwiteite op bl. 8 en 9 in die DBO werkboek.

EINDE

Western Cape Government Education
2021 Values-driven Leadership Enhancing functional schools
transform perform